

Die Bybel is geïnspireer

In die tyd van die vroeë Christelike kerk was die meeste mense ongeletterd. In sommige gemeenskappe kon net een of twee persone uit elke 1 000 lees en skryf. Mense was baie skepties oor die vermoë van boeke om inligting betroubaar oor te dra. Papias, een van die leiersfigure van die kerk, het byvoorbeeld gesê dat 'n lewende ooggetuie baie beter is as 'n dooie boek.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik waarom Petrus soveel moeite doen om sy lesers te oortuig dat hy 'n oog- en oorgetuie van die heerlijkheid en majesteit van Jesus Christus is (vers 16-18). Hy verwys na die gebeure op die Berg van Verheerliking (Matt 17:1-8) waar hy self die wonderlike voorreg gehad het om die heerlijkheid van Jesus Christus te aanskou.

'n Mens wil 'n bietjie jaloers raak op Petrus. Partykeer dink jy: As ek net vandag Christus in sy heerlijkheid mag sien, as ek net vandag God se stem uit die hemel kan hoor, sal dit dan nie baie makliker wees om te glo en gelowig te lewe nie? Watter ongelooflike krag en motivering sal dit vir 'n mens se lewe inhou!

Dit is egter opmerklik dat Petrus nie die gebeure op die Berg van Verheerliking verabsoluteer nie. Wat hy daar beleef het, het net vir hom "die boodskap van die profete NOG MEER BEVESTIG"(vers 19). Op die Berg van Verheerliking was daar wel 'n hemelse glans (Luk 9:31), maar wat hy vir gelowiges aanbeveel is die lamp van God se Woord. Hierdie lamp skyn omdat God se Gees daarin getuig. Wie volhard om in die lig van hierdie lamp te lewe hoor wél die stem van God en ontmoet wél die verheerlikte Christus. Hy is die Môrester wat nou deur die geloof in jou hart opkom (Open 22:16), 'n aanduiding dat die volle dag van God se nuwe wêreld besig is om te breek.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~